Jubeljaar Feesdiens liturgie
Sondag, 17 Mei 2015

† Voorwoord:

a) Hierdie liturgie is slegs 'n *voorgestelde* liturgie en liturge en eredienswerkgroepe moet dit slegs as 'n *vertrekpunt* sien.
b) Hierdie is ook 'n besonderse geleentheid om sigbare gestalte te gee aan groter en dieper eenheid binne die NG Kerk-familie.
c) Om die keuse van liedere makliker te maak, plaas ons die tekste van die liedere wat in die liturgie voorgestel word, aan die einde na die liturgie.

† Verwelkoming
† Aankondigings

DEEL 1: TOETREDE

† Powerpoint wat rol met gepaste foto's en tekste *(dit sal binnekort aan u gestuur word)*
† Prosessie met die indra van fakkel en Bybel

Hoor wat sê die Gees van die Here vir Sy kerk . . .

† <u>Aanvangswoord</u>:
Soos sonneblomme na die son gedraai;
soos mielies op die reën wag;
soos populiere na die hemel opreik;
soos die Oranje en Vaal vloei na die oseaan –
so rig ons ons op die Woord van die Here.

† <u>Seëngroet</u>:
Voorganger: Genade en vrede van een Skepper-God
Gemeente: van alle sienlike en onsienlike dinge.
V: Genade en vrede van een Here, Jesus Christus, Lig uit Lig,
G: wat sit aan die regterhand van die Vader.
V: Genade en vrede van die Heilige Gees,
G: wat ons Here en Lewendmaker is.
Almal: Amen.

✝ **<u>Aanbidding</u>:** *(kan moontlik deur 'n kind of kinders voorgelees/voorgedra word)*

Kom, kinders van Afrika,
loof ons God in sy heilige woning!
Loof Hom in die hemelruim, ons tent;
prys Hom op die aarde, ons geskenk.
Loof Hom vir sy skepping, verlossing en vernuwing,
prys Hom vir sy trou!

Loof Hom met die slag van die tromme,
prys Hom met die orrel en die kitaar.
Loof Hom met die ritme van die dans,
die stilte van verwondering en ootmoed.
Prys Hom met die geklap van julle hande,
met die gestamp van julle voete
met die dreunsang van julle liefde.

Loof Hom, o Afrika,
met die gedruis van jou groot riviere,
prys Hom met die musiek van jou bergwinde.
Wuif jou lof vir Hom met jou wiegende bome,
prys Hom met die lied van jou kinders
loof Hom met die aanbidding van Jesus die Here.

Ja, kom ons loof die Een wie herstel, genesing en rus vir ons bring.
Kom ons loof Hom op wie ons leun en ons nooit sal laat val nie.
Laat alles wat asem het die Here loof!

✝ **<u>Sang</u>:**

<u>Moontlike liedere om van te kies:</u>

- Lied 199 : 1, 2 en 3 of
- VONKK 4 : 1 , 2 en 3 of 84 : 1, 2 en 3
- FLAM 8 : 1 en 2

✝ **<u>Oproep tot Skuldbelydenis</u>**: *(kan moontlik deur 'n kind of tiener voorgelees word)*
Ons weet daar is niks wat ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar is Christus Jesus ons Here. Ons is vry om ook nou ons gebreke en tekortkominge, ons verlede en toekoms voor God in oënskou te neem, en vrylik te bely.

✝ **<u>Skuldbelydenis (gebed)</u>:** *(kan moontlik deur 'n dame voorgelees/voorgedra word)*

Voorganger: Almagtige Here,
U het ons gesalf om 'n blye boodskap te bring aan mense in nood,
En tog is ons so traag om dit te deel.
Almal saam: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Daar is armoede,
in konsentrasiekampe en lokasies,
en tog word die Goeie Nuus nie aan die armes verkondig nie.

A: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Daar is onreg en onderdrukking,
deur die owerheid en die kerk,
en tog is ons traag om te staan by hul wat ly.

A: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Daar is die verlange na vryheid,
onder alle rasse, geslagte, klasse, oriëntasies en generasies
en tog dink ons nie dit behoort aan almal nie.

A: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Ons weet vanuit ons geskiedenis, ons ryke diversiteit en verskeidenheid dat ons mekaar nodig het, en tog is daar die voortdurende strewe van die een om die ander te onderwerp.

A: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Vergeef ons Here ons meerderwaardigheid teenoor mens, dier en natuur.
Vergeef ons ons kortsigtigheid op die oorvloed van U herskeppende genade.

A: Skep in ons 'n rein hart, o God.
Herstel ons in die vreugde van U verlossing.

V: Verhelder ons verstand, Here. Verander ons harte, Here.
Open ons hande, Here. Raak ons lippe aan, Here.

A: Gee aan ons 'n gewillige gees om U liefde met die ganse wêreld om ons te deel.
Amen.

✝ **Sang:** Lied 247 - *Kyrie Eleison (Herhaal 3 keer: Afrikaans – Latyn – Afrikaans)*

✝ **Klag:** *(kan moontlik ook responsories gebruik word – sien PowerPoint)*

Here onse God, u was nog altyd 'n rusplek vir pelgrims, vreemdelinge, mense onderweg,
ons as die mense van die Vrystaat is moeg.
Here, ons smag na rus en herstel ... Laat almal weer 'n kans kry om van vooraf te begin!
Ons dae is gevul met vrae waarop ons meeste van die tyd nie die antwoord ken nie – en as ons dit ken, het ons nie genoeg moed om daad by die woord te voeg nie.
Here, ons smag na rus en herstel ... Laat almal weer 'n kans kry om van vooraf te begin!
Ons is moeg vir al die sosiale euwels om ons – rassisme, geweld, misdaad, korrupsie, armoede, dwelms.
Ons is stukkend oor al die vervreemding en verwydering in ons verhoudinge met mense om ons.
Ons is gefrustreerd met leiers wat net hul eie belange soek.
Ons is besorg oor die toekoms van die jong mense in ons land.
Ons sug saam met die skepping wat lei onder droogte, oorbeweiding, stroping, rommel en riool.
Ons is bang om die realiteit vierkantig in die oë te kyk.
En ons is jammer ons sê dit nou eers, maar U alleen is ons hoop.
Here, ons smag na rus en herstel ... Laat almal weer 'n kans kry om van vooraf te begin!
Op U alleen hoop en vertrou ons.
In U óm U roep ons na U.

In U óm U verlang, roep, skreeu ons na herstel.
Here, ons smag na rus en herstel ... Laat almal weer 'n kans kry om van vooraf te begin!
Laat ons opnuut na mekaar kyk met versoenende blik
Laat ons weer sien hoe onse aarde onder 'n oop hemel leef
En laat ons jubel en roem in U alleen.
Here, ons smag na rus en herstel ... Laat almal weer 'n kans kry om van vooraf te begin!
Laat ons skole groei as ruimtes van opvoeding, kennis en wysheid.
Laat ons hospitale plekke wees van heling en genesing
Laat ons paaie so begaanbaar loop dat ons mekaar kan bereik.
Laat ons ondernemings en besighede die heil van die ganse samelewing soek en dien.
Laat ons ekonomie tog vir meer mense werk en waardigheid bied.
Laat ons plase, dorpe en stede getuig van innige gemeenskapslewe.
Maar nie net daar nie ...
Laat die berge van die Oos-Vrystaat,
die mynhope van die Goudveld
die vlaktes van die suidweste
die Vaal en die Oranje
die mense van sentraal Suid-Afrika
Kortom, alles en almal in hierdie deel van u skeppingswerk
Rus, herstel en genade by U vind.
U is ons rus en ons herstel.
U is ons vreugde.
In u alleen hoop en jubel ons.
Amen.

† **Genadeverkondiging**: Met VONKK 272 : 1 en 4 daarna as gebed

† **Danksegging:**
Here, onse God
Seën ons pragtige land,
met sy ryke verskeidenheid en diversiteit

Here, deur U Heilige Gees en in U Seun Jesus Christus
het U geskep, verlos en vernuwe
'n reënboognasie
van vreugde en hoop,
van geregtigheid en versoening
van vrede en eenheid,
van medelye, deernis en vergifnis.

Ons dank U vir die gawes van die Gees
Mag ons dit koester, verlang en najaag.

Ons bid dit in die kragtige Naam van Jesus, ons Here. **Amen.**

† **Sang/ Musiek:** Lied 464 : 1, 2 en 3

DEEL 2: WOORDDIENS

† **Epiklese:**

O God, U wat in ons duisternis 'n vuur aansteek
wat nooit uitgedoof kan word nie –
laat die ligstrale van u Woord hierdie dag bestraal
sodat die opstanding van Christus
nie vir ons 'n leë dogma bly nie,
maar 'n hoopvolle opstand word
teen die duisternis in ons wêreld.
Op hierdie dag vier ons 'n nuwe begin!
Laat die verhale van hoop uit u Woord
ons eie bestaan kleur sodat ons nooit die hoop verloor
om wedergebore en nuut die dag te begroet nie.
Amen.

† **Skriflesing(s):** Levitikus 25 en Jesaja 61

† **Tema:** Van God die herstel, aan Hom die eer

† **Prediking:**

† **Credo:** Apostoliese Geloofsbelydenis in Sesotho *(laat iemand dit in Sotho voorlees)*

† **Sang/Musiek:** Lied 478 : 1, 2 en 4

DEEL 3: DIENS VAN DIE TAFEL

† **Uitnodiging:**

† **Nagmaalsgebed:**

Here, ons God, ons loof U as skepper van hemel en aarde.
Ons dank U vir die koringare uit die grond wat gemaal is tot hierdie brood,
vir die druiwetrosse wat saamgepers is tot hierdie wyn.
Ons loof U want U is die Gewer van alle goeie gawes.
Ons loof U want U is die lig, en daar is geen duisternis in U nie.

Here Jesus, dankie dat u al ons luide en stille noodkrete hoor;
dankie vir u ontferming.
Staan vandag by elkeen van ons stil
en doen vir ons wat ons uit ons harte van U vra.

Here, ons bid in hierdie dae tussen Hemelvaart en Pinkster
vir die hereniging van u kerk hier op aarde:

"Soos wat hierdie gebreekte brood oor die lande gesaai was
maar saamgebring is en een brood geword het,
laat so ook u kerk uit die vier uithoeke van die aarde saamgebring word in u koninkryk,
want aan U kom toe die heerlikheid en die krag
deur Jesus Christus tot in ewigheid."
Amen.

† **Formulier:** Spesiale klem op die Nagmaal as vreugdefees (sien veral punt 5 van "Formulier vir die bediening van die Nagmaal 2" in *Handleiding vir die erediens*.)

† **Instelling en viering:**

† **Toewyding:** Lied 504 : 5 – Ons wil u wy ons hele lewe

† **Dankoffers:**

Erediensgangers bring hul dankoffers self vorentoe na die Nagmaalstafel en plaas dit daarop. Op die tafel is ook kleiner kersies wat opgesteek kan word as gebare van dankbaarheid.

DEEL 4: UITSENDING

† **Doksologie:** Habakuk 3:17-19

† **Uitsendingslied:** FEESLIED met wisselsang tussen die koor en die gemeente

Strofe 1:
Heer, u kerk hier in die Vrystaat
wil u goedheid graag gedenk.
Ons wil sing van u genade
oor die jare ons geskenk.
Ons kom jubel voor U, Here
– U wat ons met sorg behou –
Steeds kan ons op U vertrou!

Gemeente & koor saam. Deskant kom by die refrein by

Strofe 2:
Om 'n lig te wees in duister
het U hier u kerk geplant;
dat ons hier u wonderdade
uit sal dra as kerkverband.
Hemelvader, ons kom prys U
– U ons bron van krag en hoop –
Vul u kerk met nuwe hoop!

Koor alleen

Gemeente & koor saam; deskant by

Strofe 3:
Jesus Christus is die hoeksteen
van 'n kerk wat vir u leef.
Leer ons ook om soos ons Meester
altyd liefde na te streef.

Koor alleen

Jesus Christus, ons Verlosser
– ons bely U as ons Heer –
Laat u liefde ons regeer!

Gemeente & koor saam; deskant by

Strofe 4:
Gees van God, getroue Leidsman,
inspireer opnuut u kerk.
Vuur ons aan dat ons onblusbaar
vir U leef en vir U werk.
God Drie-enig, ons vereer U
– U wat duister laat verdwyn –
Wees die lig wat deur ons skyn!

Gemeente & koor met deskant

† **Seën:** *"Nkosi sikelel' i-Afrika"*
Uit duisend monde word die lied gedra.

Ek sluit my oë; soos ‘n serafskoor
val daar stemme strelend op my oor:
“Nkosi sikelel’ i-Afrika” –
ons vra u seën, o Heer, vir Afrika.
Ek kyk, en sien die skare voor my staan:
Zoeloe en Kosa, Soeto en Sjangaan,
en ek, ‘n Blanke – vele volkere ja –
almal verenigd om Gods seën te vra
op net een tuiste, net een vaderland,
want die Alwyse het ons saam geplant
en saam laat wortel in Suid-Afrika.
“Nkosi sikelel’ i-Afrika” –
seën, Heer, die land wat vele volkere dra. (H.A. Fagan 1889-1963, *Groot Verseboek*)

† **Amen:** Gemeente sing – Lied 314 *(liturgiese respons)*

TEKSTE VAN LIEDERE WAT MOONTLIK TYDENS DIE FEESDIENS GESING KAN WORD:

LIED 199 – Loof die Here uit die hemel
[Die melodie is goed bekend]
1. Loof die Here uit die hemel,
loof Hom deur wie ons bestaan;
loof Hom eng'le, hemelwesens,
loof Hom son en prys Hom maan.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!

2. Loof die Here alle volke,
loof Hom alles wat bestaan;
loof Hom weerlig, sneeu en wolke,
loof Hom meer en oseaan.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!

3. Loof Hom konings, alle vorste,
almal wat op aard' regeer;
loof Hom kinders, mans en vroue,
loof Hom almal, buig jul neer.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
roem sy Naam, kom loof die Heer!

VONKK 4 – *Sing vir die Heer 'n nuwe lied tesaam*
(Psalm 96) [Die melodie is redelik bekend]
1. Sing vir die Heer 'n nuwe lied tesaam.
Sing tot sy eer en prys die Heer se Naam.
Volke getuig, verkondig sy gesag.
Kom en vertel aan nasies van sy mag.

2. Groot is die Heer – bo alle gode groot!
Aan Hom die lof – Hy red ons uit die nood.
Luister en glans omstraal sy majesteit.
Hy is die Heer – ons God in ewigheid!

3. Kom, volke, prys die Heer se eer en mag.
Buig voor Hom neer uit eerbied vir sy krag.
Juig, aarde, juig tot eer van God die Heer.
Juig en wees bly: Die Here God regeer!

VONKK 84 - *Loof God In Die Hoogste Hemel*
(Psalm 150) [Die melodie is baie bekend]
1. Loof God in die hoogste hemel,
loof sy grootheid en sy krag.
Oor die wye sterrehemel
straal die omvang van sy mag.
Refrein:
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemel.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele.

2. Loof God met die mooiste klanke –
fluit, viole en kitaar.
Orrelklanke en simbale
loof Hom saam met stem en snaar.
Refrein:

3. Dans en loof met tamboeryne,
jubel met trompetgeskal.
Alle wesens loof die Here
galmend oor die groot heelal.
Refrein:

FLAM 8 – Al die lof, aanbidding en ere
[Die lied is wyd bekend]
1. Ons is 'n oomblik; U is vir altyd,
God van die eeue, God voor die tyd.
Ons is 'n asem; U is vir ewig –
U wat ons liefhet, altyd getrou.
Refrein:
Heilig, heilig, Heer God, Almagtig!
Waardig is die Lam wat regeer!
Al die lof, aanbidding en ere
Kom U toe, o Heer,
Kom U toe, o Heer!

2. Ons is gebroke; U die Geneser,
Jesus, Verlosser, Redder en Vriend.
Ons vra die vrae, U is die Antwoord;
Ons die verdwaaldes, U is die Weg.
Refrein:
Heilig, heilig, Heer God, Almagtig!
Waardig is die Lam wat regeer!
Al die lof, aanbidding en ere
Kom U toe, o Heer,
Kom U toe, o Heer.
Kom U toe, o Heer.

LIED 247 – *Kyrie eleison* [Die melodie is goed bekend]

Heer, wees ons genadig, Christus, wees genadig,
Heer, wees ons genadig.

Kyrie eleison, Christe eleison,
Kyrie eleison.

Heer, wees ons genadig, Christus, wees genadig,
Heer, wees ons genadig.

VONKK 272 – *Heer, ons bid as reënboognasie*
[Die melodie is goed bekend – Liedboek Lied 399]
1. Heer, ons bid as reënboognasie
vir ons mooi en dierbaar land.
Ons kom lê ons land en mense
in u troue Vaderhand.
Mag u kinders wat hier saamwoon
na u wil soek en U eer.
Leer ons om met woord en dade
te bely: U is die Heer.

4. Kom, o Gees, wees U ons Leidsman,
wys die weg en rigting aan.
Laat ons koers hou deur die chaos
waardeur ons ook hier mag gaan.
Vader, hoor tog ons versugting
as ons in gebed kom vra:
Seën ons land en seën sy mense –
Vader, seën Suid-Afrika!

LIED 464 – *O Heer, my God, as ek in eerbied wonder*
[Die melodie is baie bekend]
1. O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou . . .
Refrein:
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

2. Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.
Refrein:

3. U Seun word mens; in ons gebroke wêreld
kom vestig Hy sy koningheerskappy.
Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het.
Hy bring weer hoop en redding – ook vir my.
Refrein:

LIED 478 : 1, 2 en 4 – *Op vaste fondamente*
[Die melodie is baie bekend]
1. Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dít toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.

2. Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam –
één in geloof en werke, één in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

4. O Heer, skryf in ons harte dat ons dit nooit vergeet,
al pynig ons die smarte, al martel ons die leed:
Die kruis van ons Verlosser sluit vergesigte oop!
In 'n verwarde wêreld bring dit weer vaste hoop!

LIED 504 – *Ons wil U wy ons hele lewe*
[Die melodie is baie bekend]
5. Ons wil U wy ons hele lewe,
U volg waar U ons ook mag lei –
aan U, o Here, hoog, verhewe,
en aan u diens steeds toegewy.
Spreek deur ons woorde, rig ons dade;
Voleinder, gee dat deur u krag
die heerlik' werk van Gods genade
in ons volbring word dag na dag!

FEESLIED:
(Die teks is reeds volledig hierbo in die liturgie geplaas)

LIED 314
Amen. Amen. Amen